DEEL 117 | WEEK 3 | 17 JANUARIE 2025 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR



# 28ste vir matriek-Bronnies

Hoërskool Heilbron het weereens geskiedenis gemaak deur vir die 28ste agtereenvolgende jaar 'n perfekte 100% matriekslaagsyfer te behaal. Hierdie ongelooflike prestasie is 'n getuienis van die skool se toewyding, die ywer van die onderwysers, en die harde werk van die leerlinge. Dinsdag, 14 Januarie, was 'n dag gevul met spanning en opwinding toe die matrieks na die skool teruggekeer het om hul uitslae te ontvang. Met kloppende harte en stille gebede het hulle gewag vir die resultate wat hul toekoms sou bepaal. Die saal het begin dreun toe die eerste leerder se naam aangekondig is, en soos elkeen hul sertifikate ontvang het, het die vreugde en entoesiasme net toegeneem. Een leerder, Motsilisi Semela, het veral uitgeblink met 'n indrukwekkende gemiddeld en vyf onderskeidings. Mnr. Johnny van der Merwe, hoof van die skool, kon sy trots nie verberg nie. "Ek as skoolhoof is baie trots op my graad 12 personeel wat verlede jaar soveel ekstra moeite ingesit het met die matrieks. Elke Maandag het ons vier ure ekstra skool gehad, en vakansieklasse tydens die Julie- en September-vakansie. Ons het ook baie vergaderings saam met ouers en matrieks gehou. By Hoërskool Heilbron het ons die beste personeel wat bereid is om nie net die ekstra myl te stap nie, maar ook sommer die ekstra tien myl vir ons kinders," het hy gesê. Hy noem ook dat die matrieks ook regtig hul kant gebring het en 78% van die skool se leerders slaag met universiteit vrystellings. Hoërskool Heilbron is egter nie die enigste skool in die Riemland omgewing wat spog met 'n 100% slaagsyfer nie. Hoërskool Wilgerivier, Hoërskool Reitz en Tweeling Gekombineerde skool het ook hierdie prestasie behaal. Hoërskool Wilgerivier spog met 30 A-simbole, 48 B-Simbole en 85,75% Matrikulasie-vrystellings asook ses Diploma-vrystellings.

Dus kan mens sien waarom die Vrystaat die provinsie is met die hoogste slaagsyfer. Die provinsie spog met 'n slaagsyfer van 91%. Die hoogste slaagsyfer in en onder leerders in die land. Die Vrystaatse Onderwysdepartement is dikwels gefokus op die provinsie se top-posisie, maar suksesvolle onderwys gaan oor meer as net slaagsyfers. Faktore soos vakkeuses en vroeë skoolverlating kan hierdie syfers kunsmatig verhoog. Die nasionale departement van onderwys in die verlede sy kommer uitgespreek oor die lees- en wiskundige vermoë van Vrystaatse leerders. Hoewel die Vrystaat die hoogste slaagsyfer het, is dit KwaZulu-Natal wat die meeste onderskeidings behaal het. Die Vrystaat, wat in 2023 agtste was vir onderskeidings, is hierdie jaar sesde.

Hoërskool Heilbron streef om hulle 100% slaagsyfer te behou. Mnr Johnny van der Merwe sê hy is baie trots op die matrieks van 2024 en wens hulle alle sterkte vir die toekoms.









# Huppel Trippel takel 2025 met mag en mening

Baie nuwe aktiwiteite wag vir die Huppel Trippelaars hierdie jaar. Behalwe vir die gewone programme gaan daar begin word met Lyndans-klasse, 'n stapklub en 'n deur-kompetisie. Die lede sien sommer baie uit na al die nuwighede wat in die vooruitsig is. Hierbenewens is die kettieskiet- en jukskei aktiwiteite steeds in plek. Ons nooi dorpenaars wat lus is om in te val by Huppel Trippel hartlik uit om so te maak. Dit gaan jou net die brandstof kos om tot by Huis Bron-van-Heil te ry. Ons kuier elke tweede Dinsdag-oggend om tienuur in die eetsaal saam. Oor twee weke skakel ons in by ds Braam van Zyl van Moedergemeente vir die week van gebed.



*'n Paar lede dink diep aan voorstelle om die nuwighede wat in die vooruitsig is, te maak werk.*

# Polisieman sterf aan diens



Dit is met groot hartseer dat ons die tragiese afsterwe van sersant Thabiso Andries Mareletse (45) bevestig wat Donderdag, 9 Januarie in die vroeë oggendure in 'n voertuigongeluk oorlede is.

Die voorval het omstreeks 02:35 plaasgevind op die Heilbron-Edenville-pad (R34), sowat 15 kilometer buite Heilbron in die Vrystaat. Sersant Mareletse, die bestuurder van 'n polisiebakkie, het ongelukkig aan sy beserings op die toneel beswyk. Sy bemanningslid, konstabel Bongani Jefrey Xanko (31), het ernstige beserings opgedoen en is na 'n hospitaal vir mediese behandeling geneem.

Voorlopige ondersoeke dui daarop dat die beamptes, wat deel is van Heilbron Sigbare Polisiëring, besig was met die agternasit van 'n verdagte in 'n wit Nissan Sentra. Die verdagte is vermoedelik by 'n moontlike veediefstal betrokke. Gedurende die hoëspoed-jaagtog het die bestuurder beheer verloor, die voertuig het van die pad af geloop en gerol. Die beamptes was ten volle in uniform en op amptelike diens tydens die voorval.

Sersant Mareletse was geliefd en hoogs gerespekteer deur sy kollegas en gemeenskap. Sy begrafnis sal op 18 Januarie gehou word.

## Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum:

Voor ons die jaar begin met inligtings artikels, wil ons graag vir julle weer herinner wie is Engo en watter dienste lewer Engo.

Engo is die grootste nie-winsgewende en nie-regeringsorganisasie in die Vrystaat en die tweede grootste in die land. Budisa, geleë in die Wes-Kaap is die grootste in die land. Engo se naam bestaan uit:

**E –** Ewige hoop

**NG –** Verwys na die NG Kerk en die oorsprong van Engo in die NG Kerke

**NGO** – Ons is 'n nie-regeringsorganisasie

**GO** – Ons werk vanuit 'n Christelike oogpunt en in opdrag van Jesus in Mattheus 28:19. "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het."

Deur die 7 sub-programme van Engo, word bykans 200 000 mense se lewens verryk.

**Die sub-programme is as volg:**

**Gestremdesorg:** Dienste aan mense met gestremdhede. Die sub-program is geleë in Bethlehem, met die naam Salileni. Dit beteken hulle sal nie gaan lê nie en gestremdes kan stimulerende dienste ontvang by die sentrum.

**Bejaardesorg:** Daar is 20 sentrums vir bejaardes geleë oor die Vrystaat. Met die personeel se deurnis vir bejaardes en verpleegpersoneel wat regstaan, verseker die sentrums dat bejaardes se laaste hoofstuk, gemaklik en gerieflik is.

**Aannemingsdiens:** Die sub-program lewer dienste aan die ouers wat nie self kinders kan kry nie. Daar vind om en by 39 aannemings per jaar plaas. Die twee maatskaplike werkers staan ouers by wat die moeilike besluit moet neem sowel as die wie so lank al die vreugde van 'n kind begeer.

**Hospitaalsorg:** Wanneer 'n geliefde in een van die hospitale in Bloemfontein is, sal die fluks personeel van Hospitaal sorg nie skroom om hulle te besoek nie. Bemagtig met die Woord, besoek hulle pasiënte en bemoedig hulle in die tyd van nood.

**Gesinsorg:** Die sub-program is die hartklop van Engo. Met 10 kantore regoor die Vrystaat, is dit die getroue maatskaplike werkers wat in die gemeenskap dienste lewer. Heilbron beskik ook oor so kantoor en die personeel staan reg om julle in jul tyd van krisis by te staan. Skakel hulle gerus by 060 572 8230. Neem kennis dat die kantoor geskuif het oorkant die pad in Luytstraat.

**Kinder- & Jeugsorg:** Met 33 sentrums word 852 kinders versorg. Elke sentrum het 'n maatskaplike werker wat seker maak dat daar oorhoofs in die kinders se behoeftes voorsien word. Die kinderversorgers maak seker dat daar in die kinders se daaglikse behoeftes voorsien word. Dit laat beslis die gesegde – *It takes a village to raise a child,* waar wees. Skakel persoon vir Ringerstraat Jeugsorgsentrum is Elmarie Els by 079 599 4135.

Dan is daar 'n nuwe sub-program wat onlangs geopen het, en dit is die welstand program. Engo weet hoe die werk en die blootstelling aan seker elemente, die personeel kan beïnvloed. Met die wete, is die sub-program geskep. Die doel van die sub-program is om te uit te reik na Engo se personeel en seker te maak hulle welstand normaal funksioneer.

Engo is nie net 'n naam nie, maar duidelik 'n organisasie wat hande vat in die gemeenskap en werklik 'n verskil probeer maak. As julle in kontak wil kom met Engo hoofkantoor, stuur 'n epos na info@engo.co.za of skakel die plaaslike sub-programme om julle te help in julle nood. Gaan like ons Facebook blad – Engo Free State en bly op hoogte met die weeklikse gebeure.

# UIT DIE PEN: Week 3

Ek is mal oor sinspelings. Ek weet nie of dit die regte vertaling is van "pun" nie. Een van my kollegas noem my "a punny person".
Lank gelede het een van my broerskinders 'n oorprosedure ondergaan. Ons het hom tot vervelens toe gespot.
"Is jy nou OOR die operasie?"
"Hoor hoor!" sal iemand sê.
"Jy OORweldig my."
Siestog, hy was later moedeloos. Heeltelmal OOR dit.
My kollegas noem my sin vir humor "donker". Nugter weer waarom. Ek probeer om altyd 'n glimlag op iemand se gesig te sit, nie net met 'n grappie nie, maar dalk 'n opmerking wat hulle nie verwag het nie.
Sommiges kan dink dat dit ligsinnig is, ek weet nie. Ek weet net dat die lewe te kort is om nie te lag nie. Ek weet ook hoe dit voel om niks te hê om oor te lag nie. En ten spyte daarvan het ek probeer om 'n glimlag in 'n situasie te kan sien.
Meeste van die tyd is dit net ek en my familie wat my grappies vang, maar dit sal ek nie hardop sê nie. Ek dink amper dit is geneties.
Die maatskappy vir wie ek werk neem jaarliks teen November en Desember aansoekers in om 'n sekere taak te verrig. Verlede jaar was geen uitsondering nie. Ek stap elke oggend deur die lokaal en groet die aansoekers. Hulle vertel my dat iemand verjaar.
Ek vra of hulle al vir haar gesing het. Ja, hulle het al.
Hier vlak voor my sit 'n man, seker so in sy middel-dertigerjare.
"Niemand het vir my gesing toe ek verjaar het nie," verklaar hy plegtig.
"Hou vas, hier kom dit," sê ek.
Ek trek los, en in 'n Marilyn Monroe-stem sing ek vir hom "Happy Birthday, Mr President."
Nodeloos om te sê: Hy word omtrent dieselfde skakering as 'n moerbei, maar ek geniet my gate uit. Die gehoor ook. Ek swaai my rok wyd uit, amper soos daardie ikoniese foto van Marilyn. Jy kry die prentjie. Die gehoor klap hande, en hy kan nie anders as om saam te lag nie.
Maar om sulke goed te kan doen, moet jy eers jou gehoor ken. Wat nogal 'n sesde sintuig nodig het. En party mense vang net nie 'n grappie nie. Dis nou maar so. Deel van hulle mondering.
Ek het die man, na wie ek hierbo verwys, aan die einde van 2023 ontmoet. Hy was toe ook 'n aansoeker. Soos wat ek elke oggend doen, gaan groet ek hulle groep. Ek vertel dan gewoonlik vir hulle 'n grappie.
Die man staar voor hom uit, nes 'n standbeeld. Hy knip nie 'n oog nie. Ek probeer weer, vertel nog 'n grappie. Steeds geen emosie uit hom nie.
"Lag jy nooit nie?" vra ek. Ek skud my kop in ongeloof.
Ewe droog merk hy op: "Moet nooit hierdie grappies vertel aan iemand wat hoog is op dagga nie. Hulle gaan hulself doodlag."
Met hierdie was die ys gebreek.
Die ander dag gaan koop ek vir my gryse ou ma pantoffels. Twee pare vir die prys van een, sê die verkoopsdame. Ek sê dat ek net een paar nodig het.
"Maar jy kan twéé pare kry," sê sy.
"Maar ek het net een paar voete," sê ek.
Sy was stomgeslaan vir 'n paar sekondes en toe breek daar die wonderlikste glimlag deur. Maar ook nie vir lank nie. Sy hou aan dat ek twee pare moet neem. Nou ja, as dit pap reën, moet ek sekerlik skep, het my gryse ou pa altyd gesê. Ek neem die ander paar en kom gee dit vir 'n kollega. Die verkoopsdame was in haar noppies.
Ek kan onthou wat gebeur het met twee vorige besoeke aan dieselfde winkel. Mens kan mos sien as die assistent se gedagtes nie heeltemal by haar werk is nie. Hulle is gewoonlik afgetrokke. En dan gryp ek die geleentheid met beide hande aan.
Ek het daardie tyd nog 'n maanstewel aangehad. Ek stap die winkel in en die assistent vra of sy my kan help.
"Ja, asseblief. Ek wil nog so 'n maanstewel hê." Onthou, die winkel hou net (gewone) skoene aan.
Sy het my op en af gekyk, eers met 'n frons en later met 'n glimlag.
"Jammer, ek het gister die laaste een verkoop."
Ons lag heerlik saam.
Die derde geleentheid was seker so jaar gelede. Ek betaal met my kaart.



"Can you tap?" vra die dame.
"Yes, I can do ballet as well."
Dit het 'n oomblik of twee gevat voordat sy besef het wat ek sê, maar ons het lekker daaroor gelag.
Soos jy weet, gaan hierdie jaar se skrywes oor wense. Ek wens hiermee dat ons meer sal lag. As jy nie wil lag nie, dan net 'n glimlag. Al is dit net 'n skewe laggie. Ek wens dat ons meer as gewoonlik die humor in situasies, ernstig of nie, sal sien.
Ek het te min gelag in 2024, ek gaan nou daarvoor opmaak.

# Bronnies verwelkom nuwe maats vir 2025





Onder die helder Januarieson is skoolhekke oopgemaak vir die opwindende begin van 'n splinternuwe skooljaar. Pienk voete met stralende ogies vol opgewondenheid, en ouerharte wat borrel van trots, het die skoolterrein van Hoërskool Heilbron gevul toe hul nuutste Graad R en Graad 1-maatjies Woensdag verwelkom is. Skoolhoof Mnr. Johnny van der Merwe het die jong leerders met 'n warm glimlag en oop arms ontvang. Ouers is tradisioneel genooi om hierdie spesiale oomblik in die saal saam met hul kinders te deel, wat die begin van 'n nuwe hoofstuk in hul lewens markeer. Elke Graad R en Graad 1-leerling het 'n spesiale geskenkie van die skool se Bestuurskomitee ontvang, wat helder glimlagte op hul gesiggies geplaas het. Mnr. Van der Merwe het beklemtoon dat hierdie nuwe fase 'n unieke geleentheid bied vir groei, vriendskap en leer. "Hierdie maatjies is nie net individue nie; hulle vorm 'n hegte groep vriende wat 'n onvergeetlike reis saam gaan begin," het hy gesê. Met afskeidsglimlagte en 'n belofte van 'n blink toekoms, het hierdie nuwe maats begin om hul eie stories te skryf. Die eerste bladsy van hierdie avontuur is gevul met opwinding, vriendskap en die belofte van vele avonture wat voorlê. Vir die hele skoolgemeenskap is daar 'n gevoel van trots en hoop vir die toekomstige potensiaal van hierdie jong geeste. So begin die reis van 2025 vir die Bronnies en hul nuutste maatjies.

# Fraaiste graad 1 Kompitiesie




Haasbek en boksterte, blink gevryfde skoene en stukkende knieë, 'n oorvol kosblik met 'n oorgroot tas.

Jy't reg geraai - dis die definisie van 'n splinternuwe Gr.1-parrabeen! Ons is opsoek na die fraaiste onder die fraaies.

Is jy die ouer van 'n kleinding wat vanjaar in Graad 1 is? Skryf hom of haar gerus in vir die Heilbron Herald se Graad 1-wedstryd en staan 'n kans om as die kontrei se "Bakgatste Maatjie" aangewys te word en 'n geskenkie te wen.

Om in te skryf, volg dié eenvoudige stappe: Stuur jou gunsteling Graad 1-foto via Facebook Messenger na die Heilbron Herald se Facebook-blad. Dit sal dan op die Facebook-blad gelaai word waarna u soveel as moontlik reaksie op u foto kan werf.

Foto-inskrywings sowel as Facebook-reaksies op die foto, sluit op 29 Januarie om 08:00. Geen foto's of reaksies sal daarná vir die kompetisie oorweeg word nie.

**Wanneer die foto gestuur word, stuur ook die volgende inligting saam:**

- Naam en van, van kind.
- Naam van skool waar kind as Graad 1 ingeskryf is.

Die wenner sal in die koerant van 31 Januarie aangekondig word.

Vir enige navrae kontak Hendie op 071 175 9807.

**Bepalings en voorwaardes:**

- Die deelnemer moet die Heilbron Herald se Facebook-blad volg om in te skryf.
- Die Heilbron Herald sal die kompetisie beoordeel en die beslissing is finaal. Geen korrespondensie met betrekking tot die kompetisie sal daarná aangegaan word nie.
- Slegs die foto's op die Heilbron Herald Facebook-blad se reaksies sal vir die kompetisie in ag geneem word.
- Facebook-reaksies wat vir die kompetisie in aanmerking kom, is ondermeer "like", "love", "care", "haha", "wow", "sad" en "angry".
- Slegs kinders wat in 2025 in Graad 1 is mag deelneem.
- 'n Geskenk is as prys te wen.

# Opkomende watervlak in Vaaldam:

## *'n Teken van Hoop*



Met die heerlike reën wat onlangs geval het, het die Vaaldam se watervlak merkbaar gestyg. Volgens Reënval in SA was die dam op Woensdag, 15 Januarie, 'n indrukwekkende 50,53% vol. Hierdie is 'n beduidende verbetering vanaf die 28% watervlak wat op 3 Desember 2024 aangeteken is. Teen Kersfees het die vlak selfs onder 20% gedompel. Volgens Maroela Media het die watervlak van die dam weekliks met 1,5% tot 2% afgeneem. Hierdie afname was hoofsaaklik toe te skryf aan verskeie klimaatsfaktore, waaronder ondernormale reënval en hoë temperature.

Die huidige reënseisoen bring egter nuwe hoop. Dit lyk asof die reën wat ons tans ontvang, die dam vinnig sal herstel tot sy normale vlakke. Dit is 'n welkome verligting vir gemeenskappe wat afhanklik is van die Vaaldam vir hul waterbehoeftes.

Die onlangse stygings in die Vaaldam se vlakke bring 'n broodnodige asemhaling vir die omgewing en sy inwoners. Hopelik hou hierdie tendens aan en sien ons voortgesette herstel in ons waterbronne.







# Riemland kinders skitter in akademie

Die skole in die Riemland het hierdie jaar weereens bewys hoekom hulle aan die voorpunt van akademiese prestasie is. Frankfort, Reitz en Hoërskool Heilbron het almal 'n indrukwekkende 100% slaagsyfer behaal, met 'n aantal leerders wat bo verwagting presteer het. Skyla Budiscak van Hoërskool Wilgerivier het met trots 7 onderskeidings verwerf en 'n gemiddeld van 86,57% behaal. Hester Muller, ook van Hoërskool Wilgerivier in Frankfort, het 5 onderskeidings verwerf, terwyl Angelique Schabort van Frankfort 'n indrukwekkende gemiddeld van 84,4% behaal het met haar vyf onderskeidings. Hoërskool Heilbron spog ook met hulle twee uitblinkers. Motsilisi Semela, die top presteerder, het 5 onderskeidings verwerf en kort op haar hakke is oud hoofdogter van 2024, Michaela Grobbler, wat 4 onderskeidings behaal. Hierdie prestasies is nie net 'n bewys van die harde werk en toewyding van die leerders nie, maar ook van die ondersteuning en betrokkenheid van die skole en gemeenskappe in die Riemland. Die hele streek voel trots op die uitmuntende akademiese resultate en sien uit na wat die toekoms vir hierdie talentvolle jongmense inhou.





































## Sponsorship Requested for Asia World Model United Nations



Boikanyo Motaung, a promising young leader from Heilbron, will be representing South Africa at the Asia World Model United Nations in Bangkok, Thailand, from May 2 to May 5. To support her participation in this prestigious event, Boikanyo is actively seeking sponsorships. Boikanyo's journey reflects her dedication to education, leadership, and global engagement. She started her education at School of Destiny from 2007 to 2013, before moving to the Vaal and attending Milton Primary School. She completed her high school education at Hoërskool Drie Riviere in 2023, where she distinguished herself as an English Representative and excelled in multiple English Olympiads and art festival spoken word events. In 2023, Boikanyo completed a Nedbank Learnership Program to gain valuable professional experience. She is now set to study Business Administration at university in 2024, with a focus on developing skills to address global issues and improve equality. Boikanyo is deeply passionate about equality and international relations, and she views the AYIMUN conference as an opportunity to represent Heilbron and the Free State on an international platform. Her goal is to contribute to United Nations discussions and resolutions on pressing national and global issues, and to inspire others from her hometown through her participation. To support Boikanyo's journey and ensure her representation at the Asia World Model United Nations, sponsorships are being sought. Those interested in supporting her can contact her for more details on how to contribute to this important opportunity. For more information Contact Boikanyo on 074 402 9729.

ULECTRIC
SOLAR AND ELECTRICAL
- COC'S/ELECTICAL CERTIFICATE OF COMPLIANCE
- WIRING & RE-WIRING
- OFF-GRID SOLAR INSTALLATIONS
- INDOOR/OUTDOOR LIGHTING
- ELECTICAL REPAIRS
- FAULT FINDING
- EQUIPTMENT REPAIR
- SOLAR BOREHOLE PUMPS
- BACKUP SYSTEMS

Jannie 072 279 9299 WE DO COMMERCIAL AND RESIDENTIAL Ulectric 084 499 9937

# JAARBEPLANNER 2025

Ons wil weer hierdie jaar datums plaas van hoogtepunte in en om ons dorp. Stuur asb. vir ons datums en gebeurtenisse wat plaasvind, sodat daar nie groot hoogtepunte op dieselfde dag plaasvind nie.

# SMALLS


**BESIGHEIDSURE**
Maandae - Vrydae:
08:00 -16:30
Saterdae: 09:00 -12:00

Elsstraat 42, Heilbron
Tel: 058 853 0006
POSTNET HEILBRON



**FOTOSTATE**

| Swart / Black | | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 50 Bladsye | @ R1-50 |
| | 51+ | @ 80c |
| A3 | 1 - 50 Bladsye | @ R3-00 |
| | 51+ | @ R1-50 |
| **Volkleur / Colour** | | |
| A4 | 1 - 10 Bladsye | @ R5-00 |
| | 10+ | @ R4-00 |
| A3 | 1 - 10 Bladsye | @ R10-00 |
| | 10+ | @ R8-00 |

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za
Herald Office National








## HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Sonja Muller**
**081 849 1877**

# DIENSTE

## BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk.

Kontak Evert Kleynhans

072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com


## BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

## HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!




## BIBLIOTEEK OOP

*Piercestraat 66 • Heilbron*
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE**
**per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00
(Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: 058 852 3033/4/5 • Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za -
(Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za -
(Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**


***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald

Kontak gerus vir Hendie Lötter by 071 175 9807 of heraldnuus@heilbron.co.za


# WINKELURE

Maandae - Donderdae: 07:30 - 17:00
Vrydae: 07:30 - 16:30
Saterdae: 08:30 - 13:00
Herald Office National







SAME DAY DELIVERY AND COLLECTION BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE FOR ONLY R85
heilbron@postnet.co.za 058 853 0006 064 988 8078
POSTNET HEILBRON

HERALD Sport

# Goeie gholf vroeg in die jaar



*HBA maandbeker wenners verlede Saterdag vl: Willem Loots (President), Abrie Watson, Ruan Mienie en Johan Weilbach.*

Heilbron se gholfbaan het net soos die gesaaides baie mooi herstel na die goeie reëns van die afgelope drie weke. Saterdag was die spelers se vermoëns getoets tydens die maandbeker op 'n slagspel basis. Die formaat vereis dat gholfers nie kan optel as die houe te veel raak nie en moet spel tot in die putjie. Abrie Watson se konstante spel het die knoop vir hom deurgehaak en wen hy die maandbeker van Januarie met 'n netto telling van 69 houe. Ruan Mienie wat van 'n enkelsyfer voorgee af speel eindig tweede met 71 netto, een hou beter as sy voorgee. Derde was Johan Weilbach met 74 netto telling.

Die RyderCup tussen Heilbron en Frankfort word die jaar op Frankfort se baan aangebied. Dit vind plaas op 7 en 8 Februarie. Twintig spelers van elke klub sal meeding om die trofee. Heilbron was verlede jaar die wenners en sal moet uithaal om Frankfort op hulle tuisbaan te klop. Spanlede word aangemoedig om te oefen vir hierdie uitdaging.

Die naweek is dit gewone spel vanaf 10:00. Die "Joker" kaart trekking is weer vanaf Vrydag aan die gang.











WINKELURE

MAANDAE TOT DONDERDAE: 07:30 - 17:00
VRYDAE: 07:30 - 16:30
SATERDAE: 08:30 - 13:00
Elsstraat 44, Heilbron | Tel: 058 852 3033
E-Pos:heraldwinkel@heilbron.co.za

Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald

Kontak gerus vir Hendie by 071 175 9807 of heraldnuus@heilbron.co.za




BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 20 JANUARIE 2025**
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

**DINSDAG - 21 JANUARIE 2025**
MTONJANENI Maandelikse veiling
Kontak Pieter van Zyl 082 459 0668

DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241

WAKKERSTROOM:
MOOIBANK BOERDERY Produksieveiling
310 Beeste
11:00, Langkloof plaas, Wakkerstroom
Kontak Hannes Hugo 082 823 7637

**WOENSDAG - 22 JANUARIE 2025**
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

REITZ Twee Weeklikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

BULTFONTEIN twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

**DONDERDAG - 23 JANUARIE 2025**
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979

FICKSBURG Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

**VRYDAG - 24 JANUARIE 2025**
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830